

## DIE GETUIENIS EN VONNISAANBEVELING VAN DIE PROEFBEAMPTTE IN VOORVONNISONDERSOEKE VIR JEUGDIGE OORTREDERS

*Prof Sulina Green is 'n mede-professor in die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit van Stellenbosch en me LT Lennox is 'n hoof maatskaplike werker van die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap: Departement van Maatskaplike Dienste, Bellville*

### SUMMARY

Growing demands are placed on probation officers to act as sources of information during adjudication processes and to provide the criminal courts in South Africa with appropriate sentence options for juvenile offenders in the context of the present juvenile crime situation, participatory law and reform in the South African welfare and legal system.

In this study the role of the probation officer in the sentencing of juvenile offenders was evaluated during 1999 by magistrates in the Cape Peninsula. The advisory and executive role of probation officers in criminal courts were confirmed. In addition to knowledge of forensic social work, probation officers need to have legal knowledge. In determining sentence recommendations, they need to take into account the same aspects as judicial officials and apply the principles upon which the allotment of punishment is based. The sentence recommendation is a result of the conclusions of the pre-sentence investigation and the expert opinion of the probation officer about this. However, probation officers should not take their status as expert witnesses in criminal courts for granted. Before they are allowed to act as expert witnesses in criminal courts, probation officers need to be declared as such by courts as well as meet other requirements.

### INLEIDING

Gedurende die afgelope jare het proefbeamptes toenemende druk ervaar om realistiese en toepaslike vonnisaanbevelings aan strafhove vir jeugoortreders te maak.

Proefbeamptes in die kriminele regstelsel het 'n omvattende taak met betrekking tot jeugdige en kan versoek word om te handel met die jeugoortreder in die voorverhoor-, vonnisopleggings- en navonnisfase (Pieterse 1989:5; Van Rooyen 1986:1). Tydens die vonnisfase funksioneer die proefbeampte binne die regsopset en tree tot die hofspan toe nadat 'n oortreder reeds skuldig bevind is (Howes 1992:79). Die proefbeampte is betrokke by die straftoemetingsfunksie van die hof deur die opstel van 'n voorvonnisverslag en die aanbied van getuienis daaromtrent. Voorvonnisverslae verskaf leiding aan die hof oor gewenste vonnismoonlikhede vir die (jeug)oortreder. Gesien teen dié agtergrond is dit duidelik dat proefbeamptes, in 'n mindere of meerdere mate, vonnisoplegging van oortreders beïnvloed.

By die aanbieding van 'n voorvonnisverslag is die finale inset van die proefbeampte die verskaffing van 'n aanbeveling vir toepaslike vonnisoplegging. Verskeie skrywers in die veld van maatskaplike werk en regte is dit eens dat proefbeamptes meestal daarin slaag om die oortreder in sy totaliteit te beskryf, maar vermeld met respek dat min of geen tyd afgestaan word aan die bespreking van die vraag na toepaslike vonnisoplegging (Howes 1990:67-71; Klopper 1990:143-145; Van der Merwe 1980:130).



## VONNISAANBEVELINGS VIR JEUGOORTREDERS

By die vonnisaanbeveling vir 'n jeugoortreder moet aanvaar word dat geen aparte stel strafoogmerke of -beginsels vir die jeug geformuleer is nie. Jeugdigheid, en die aspekte wat daarmee saamhang, word egter as strafversagtend beskou en straftoemeters vind gewoonlik 'n eiesoortige, dog ewewigtige wyse om die strafoogmerke en -riglyne by vonnisoplegging in belang van die besondere jeugdige aan te wend (De Wet 1985:212). Meer klem word ook geplaas op die vermoë van die jeugdige om te rehabiliteer en sover moontlik in die nukluëre gesin geakkommodeer te word (Van Niekerk 1996:54).

Alhoewel dieselfde regsprosesse en strafbeginsels vir die jeugoortreder as vir enige ander oortreder geld, is 'n ryker verskeidenheid vonnismoonlikhede vir jeugdiges beskikbaar. Dié besondere vonnismoonlikhede is spesifiek gerig op die jeugoortreder en is juis ontwikkel met die uitgangspunt dat die jeugdige oor 'n redelike vermoë tot gedragswysiging en hervorming beskik. In dié opsig is Artikel 254 (die staking van kriminele hofverrigtinge met omskepping in 'n kinderhofondersoek), Artikel 290 (in plaas daarvan om 'n straf vir 'n misdryf op te lê, word die jeugdige in die toesig van 'n proefbeampte, bevoegde persoon of verbeteringskool geplaas) en Artikel 297 (uitgestelde of opgeskorte vonnis met voorwaardes soos, onder andere, toesig deur 'n proefbeampte of inskakeling by jeugprogramme) van die Strafproseswet, No 51 van 1977, ontwikkel. Die kwessie van beperkte toerekeningsvatbaarheid is veral ter sprake by kinders onder die ouderdom van 14 jaar, en Artikel 51 (minimum vonnisse vir sekere ernstige misdrywe) van die Algemene Strafrekwysigingswet, Wet No 105 van 1997, is nie by jeugdiges onder die ouderdom van 16 jaar ter sprake nie.

## DIE PROEFBEAMPTES AS DESKUNDIGE GETUIE IN STRAFHOWE

Proefbeamptes word hedendaags vry algemeen aanvaar as spesialiste op hul gebied en deskundiges in strafhowe (Mason 1992:34; Prinsloo 1991:108; Van der Merwe 1980:130). Uit die aard van die proefbeamptes se opleiding in maatskaplikewerk-intervensie, beskik hulle oor gegronde kennis, bekwaamheid en gepaste professionele oordeel. Hierdie toerusting plaas die proefbeampte in 'n gunstige posisie om die hof in te lig oor die profiel van die jeugoortreder, sy/haar kriminele oortreding en rehabilitasiemoonlikhede, en om te adviseer oor die geskiktheid van sekere vonnisse.

Proefbeamptes neem in hulle hoedanigheid as deskundige getuies aan hofverrigtinge deel (Howes 1990:68). Alhoewel proefbeamptes dus as deskundige getuies by verhore betrokke is, kan hulle dit egter nie as vanselfsprekend aanvaar dat hul ook deskundiges in kriminele howe is nie. Die proefbeampte moet eers voldoen aan vereistes, gestel deur die Strafproseswet, No 51 van 1977, en derhalwe deur die hof as deskundig bevind word, alvorens hy/sy as 'n deskundige in die hof kan optree en sy/haar verslag kan aanbied.

Die voorvonnisverslag word in die vorm van getuienis onder eed in die strafhof bevestig en in die hofrekord ingelees (Gothard 1989a:10; Van der Merwe 1980:128). Kriegler (1993:655) beklemtoon egter dat die verslag van 'n proefbeampte nie onder eed voorgedra hoef te word nie, tensy dit tot nadeel van die beskuldigde strek.

Die inhoud van die verslag, en derhalwe die getuienis van die proefbeampte, moet direk met die spesifieke oortreding en oortreder verband hou, en op so 'n wyse aangebied word dat die betekenis daarvan tesame met relevante afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings duidelik daaruit spruit.



Die voorvonnisverslag raak 'n openbare dokument met die ingee en/of aanbieding daarvan in die hof. Daarmee is die voorvonnisverslag dan toeganklik vir die publiek (Schmidt 1986:337). Ná afhandeling van die uitlees en ingee van die voorvonnisverslag kan die proefbeampte, soos enige ander getuie, onderwerp word aan ondervraging en kruisondervraging deur die staatsaanklaer, die beskuldigde of sy/haar regsvertegenwoordiger. Die kruisondervraer kan gedurende die proses van ondervraging verskeie tegnieke gebruik ten einde die geloofwaardigheid van die proefbeampte vas te stel en om ander aspekte wat nie in die voorvonnisverslag gedek is nie, voor die hof te plaas (Gothard 1989a:10-11; Schmidt 1986:287, 292, 414). Hoe geloofwaardiger die getuienis van die proefbeampte gedurende kruisondervraging beskou word, hoe meer waarde sal die hof aan sy/haar deskundige getuienis heg.

By die bestudering van literatuur (Howes 1992, 1990; Prinsloo 1991; Gothard 1989a; Krugel 1989; Van der Merwe 1980) sowel as opleidingsnotas van die Justisie Kollege, Pretoria (1997) rakende die vereistes wat aan die proefbeampte as deskundige getuie in 'n strafhof gestel word, tree verskeie relevante aspekte rakende hofetiket, voorgeskrewe gedragsreëls en verpligte optredes na vore. Soos Howes (1992:79-80) tereg daarop wys, word hoë vereistes aan proefbeamptes as deskundige getuies gestel. Die proefbeampte moet derhalwe bekend wees met en toegerus wees vir hierdie rol en ook sorgvuldig voorberei word op hofverskyning.

Gothard (1989a:8) meen dat die proefbeampte se invloed op die hof se uitspraak vermenigvuldig en beslissend kan wees wanneer die proefbeampte as 'n kredietwaardige getuie gereken word. Kredietwaardigheid in getuienisaflegging kan gedefinieer word as daardie kwaliteit van 'n getuie wat die hof van die geloofwaardigheid van sy/haar getuienis oortuig. Om 'n kredietwaardige getuie te wees, moet die proefbeampte bekend wees met en respek toon vir hofprosedures en gedragskodes.

Tekortkominge oor die optrede en dienslewering van proefbeamptes in strafhove word in die literatuur uitgewys. Die volledige beskrywing van alle psigo-sosiale aspekte van die jeugoortreder in voorvonnisverslae, sowel as die bruikbaarheid daarvan in vonnisoplegging, word bevraagteken. Onsekerheid bestaan oor die bydrae en betekenis van voorvonnisverslae in strafhove (Harris 1992:143-147). Die effektiwiteit en waarde van proefbeamptes se verslae en getuienis neem dikwels ook gedurende kruisondervraging af, veral wanneer opinies en gevolgtrekkings nie deur goeie beredeneringsprosesse of feitelike aspekte ondersteun word nie (Andrews 1991:441).

Kommer oor die optrede van proefbeamptes in strafhove gedurende die vonnisfase van verhoor, tesame met die sigbare tekort aan kennis en opleiding rakende professionele gedragsreëls as deskundige getuies, straftoemeting en herstellende beregtiging, regverdig en verantwoord die noodsaaklikheid van hierdie navorsing.

## DIE DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING

Die doelstellings van die navorsing is:

- Om die vereistes en gedragsreëls wat vir die proefbeampte as **deskundige getuie in strafhove** geld, te beskryf.
- Om juriste se opinies oor die **optrede en getuienis** van proefbeamptes in strafhove gedurende die vonnisfase van verhoor te ondersoek, ten einde saam met relevante wetgewing, beleidsdokumentasie en literatuur die **geskiktheid van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders** deur proefbeamptes as deskundige getuies vas te stel.



## NAVORSINGSMETODE

Die navorsing is van 'n **verkennde en beskrywende** aard, want min was bekend oor die dienslewering van proefbeamptes as deskundige getuies in die vonnisfase van jeugdiges se kriminele verhoor, en daar is gepoog om kennis daaroor uit te brei (Babbie 1992:89).

**Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing** word in die studie gekombineer. Die proefbeamptes se funksionering en optrede as deskundige getuies in kriminele howe en hul vonnisaanbevelings vir jeugoortreders word in die studie ondersoek.

Vraelyste is as data-versamelingstegniek in die ondersoek gebruik. Ten einde 'n verteenwoordigende beeld van proefbeamptes se optredes en vonnisaanbevelings vir jeugoortreders te bekom, is juriste se opinies daaromtrent verkry. Juriste is voorsittende beamptes in strafhowe en moet billike, regverdigde menings en uitsprake lewer oor oortreders se skuldlaas en vonnisse, maar ook oor die insette en bydraes van alle rolspelers en, onder andere, proefbeamptes se voorvonnisverslae en deskundige getuienis (Klopper 1990; Pieterse 1989). Die gestruktureerde vraelyste is voltooi deur hoof-, senior, streek- en distriklanddroste wat by landdroskantore gesetel is.

Landdroste van alle posvlakke, wat in die nege landdrosdistrikte van die ses munisipale substrukture van die Kaapse Skiereiland gesetel is, is as die populasie of universum van die studie benut. Alle juriste is ingesluit, nadat toestemming van die relevante owerheid verkry is. Die howe in die Skiereiland is in digbevolkte stedelike areas en medium tot yl bevolkte landelike gebiede geleë. Die howe kan geïdentifiseer word as die landdroskantore van Kaapstad, Wynberg, Mitchell's Plain, Simonstad, Goodwood, Bellville, Kuilsrivier, Somerset-Wes en Strand.

**Doelbewuste steekproefneming**, 'n erkende metode van nie-waarskynlikheidseleksie, is beskou as die mees gepaste metode vir die seleksie van 'n steekproef van juriste (Grinnell & Williams 1990:126).

Die Kaapse Skiereiland beskik oor honderd-en-drie (103) landdroste, waarvan 20 (19%) in siviele howe werksaam is, terwyl die meerderheid van landdroste, naamlik 83 (81%), voltyds of deelyds as voorsittende beamptes in strafhowe funksioneer. Vraelyste is gedurende 1999 persoonlik aan die kantoorhoofde van die onderskeie landdroskantore gegee vir verspreiding aan elke strafhoflanddros in die kantoor. Die streekproefgrootte of ondersoekgroep het uit 83 juriste bestaan waarvan 57 (69%) juriste gerespondeer het. In sekere landdroskantore het alle (100%) straflanddroste gerespondeer, terwyl die laagste terugvoer 50% van straflanddroste in 'n landdroskantoor was. Terugvoer van 'n 100% is van vyf landdroskantore ontvang. Dit is kenmerkend dat die beste reaksie ontvang is van landdroskantore wat in voorstedelike gebiede en landelike areas geleë is en oor 'n klein aantal straflanddroste beskik.

Die steekproef van juriste wat gerespondeer het, het bestaan uit een (1) hooflanddros, drie (3) senior landdroste, veertien (14) streeklanddroste en nege-en-dertig (39) distriklanddroste.



## NAVORSINGSBEVINDINGE

### A. Vonnisaanbevelings van proefbeamptes

#### *Die noodsaaklikheid van 'n vonnisaanbeveling*

Die doel van kriminele hofverrigtinge is die straf van die oortreder met vonnisoplegging (Snyman 1984:12-13). By die oorweging van 'n straf vir 'n spesifieke oortreder tree die deelname van die proefbeampte na vore in die bewerking van strafindividualisasie. Derhalwe bepaal Artikel 274 van die Strafproseswet, No 51 van 1977, dat die hof, voor die oplegging van vonnis, getuienis wat toepaslik is om die hof toe te lig oor 'n gepaste vonnis vir die oortreder, kan aanhoor. Dit is in hierdie lig dat die proefbeampte se deskundige getuienis aangehoor word.

Die taak van die proefbeampte is nie afgehandel na die bespreking van alle relevante faktore van die oortreder aan die hof nie. 'n Voorvonnisverslag moet afgesluit word deur 'n aanbeveling rakende toepaslike vonnisoplegging (Van der Merwe 1980:131). Die mening word deur Van der Merwe (1980:131) en Ades en Spiro (1985:103-105) gehuldig dat gelyke aandag geskenk moet word aan die bespreking van 'n toepaslike vonnisaanbeveling, aangesien die verslag juis handel oor die kwessie van straftoemeting. Die vonnisaanbevelings moet ook te alle tye objektief wees om te verseker dat die kliënt se beste belange behartig word (Gothard 1989b:66). Sodoende word ook bygedra tot die primêre doelstellings van proefdienste.

Ades en Spiro (1985:103) meen dat die besluit rakende vonnisoplegging verskeie faktore in ag moet neem tydens die aanbieding van deskundige getuienis deur die proefbeampte. Straftoediening, hervorming en afskrikking is van die relevante basisse van straftoemeting waaroor die proefbeampte hom-/haarself kan uitlaat. Gevolglik word betoog dat proefbeamptes dieselfde aspekte as regsprekende beamptes in aanmerking moet neem in die bepaling van gepaste vonnismoonlikhede. Dit behels die leen van vakkundige kennis vanuit die strafreg.

Juriste se opinie oor die noodsaaklikheid van 'n voorvonnisaanbeveling is vanuit hul reaksies oor 'n voorgestelde stelling daaromtrent verkry. Die meerderheid respondente, naamlik 54 (95%), handhaaf 'n dienooreenkomstige mening, terwyl 2 (4%) respondente nie saamgestem het dat vonnisaanbevelings noodsaaklik is nie en 1 (2%) respondent die stelling daaromtrent verwerp het.

Die motiverings van respondente ten gunste daarvan dat voorvonnisverslae afgesluit moet word met 'n aanbeveling rakende toepaslike vonnis, kan grotendeels saamgevat word in die kommentaar van 'n landdros wat by 'n landdroskantoor in 'n groot voorstedelike sentrum gesetel is. Die landdros sê: "'n Voorvonnisverslag afgesluit sonder aanbeveling vir vonnisoplegging, is soos 'n feesmaal sonder koffie en 'n sigaar". Hierdie kommentaar beklemtoon wat Snyman (1984:12-13) en Van der Merwe (1980:131) verduidelik oor die doel van hofverrigtinge en voorvonnisverslae. Eersgenoemde skrywer konstateer dat die doelstelling van kriminele hofverrigtinge die straf van die oortreder by vonnisoplegging is. Van der Merwe (1980) voer dit selfs verder en bevestig dat, aangesien dit juis handel oor die kwessie van straftoemeting, die voorvonnisverslag wat met die oog op die bepaling van 'n toepaslike vonnis aangevra is, juis 'n vonnisaanbeveling moet bevat.

Respondente wat nie saamgestem het nie of die stelling verwerp het, was van mening dat aanbevelings vir vonnisse slegs deur staatsaanklaers en/of regsverteenwoordigers van oortreders aan die hof gemaak kan word.




### *Prosesse wat die vonnisaanbeveling bepaal*

In die literatuurstudie is daar meningsverskil oor die prosesse of persone of groepe wat vonnisaanbevelings na afloop van proefbeamptes se voorvonnisonderseke moet bepaal. Prinsloo (1991:108) verduidelik dat hoë eise aan die proefbeampte gestel word om feite vanuit sy/haar voorvonnisonderzoek korrek te vertolk en relevante opinies en aanbevelings daaromtrent aan die hof te lewer. Hiermee word bedoel dat die proefbeampte wat die voorvonnisonderzoek behartig, 'n aanbeveling aan die hof oor 'n toepaslike vonnis kan maak. Derhalwe word proefbeamptes deesdae vry algemeen as spesialiste op hul gebied en as deskundiges in strafhove bestempel (Mason 1992:34; Van der Merwe 1980:130) en is hul bekwaam om vonnisaanbevelings te maak. Desnieteenstaande bestaan ander menings oor wie vonnisaanbevelings aan strafhove moet maak. Die mening word in verskeie oorde gehuldig dat 'n vonnisaanbeveling 'n besluit van 'n multidissiplinêre span of 'n voorvonnisevalueringskomitee of die gesinsgroep-konferensie moet wees (Suid-Afrikaanse Regskommissie 1998; Ladikos 1997; Howes 1996; Klopper 1990).

Respondente se menings op 'n gestruktureerde vraag in hierdie verband word in Figuur 1 geïllustreer.

**FIGUUR 1**  
**PERSONE OF GROEPE PERSONE WAT**  
**VONNISAAANBEVELINGS MOET BEPAAL (N=57)**



Die meerderheid respondente (34 of 60%) was van mening dat die vonnisaanbeveling aan die strafhof 'n uitvloeisel van die proefbeampte se deskundige mening daaromtrent moet wees. Hierdie terugvoer van respondente steun die siening van Gothard (1989b) en Howes (1990) dat proefbeamptes hul opinies en vonnisaanbevelings in die afsluiting van voorvonnisverslae moet lug, en die redenasieprosesse waarop dit berus, duidelik uiteen moet sit. Die vonnisaanbeveling



moet 'n uitvloeisel wees van die gevolgtrekkings wat in die ondersoek bereik word en die logiese slotsom waartoe gekom word.

'n Kwart van die respondente (14 of 25%) het aangedui dat 'n vonnisaanbeveling die resultaat moet wees van 'n multi-dissiplinêre span se besluit, terwyl een (2%) van die respondente van mening was dat die gesinsgroep-konferensie 'n besluit oor 'n geskikte vonnisaanbeveling moet neem. Eersgenoemde mening kom ooreen met die visie van die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1998:205) vir 'n nuwe kinderregstelsel. Daarvolgens moet die verskeie dissiplines waarmee die oortreder en slagoffer in beregtigingsprosesse omgaan, betrek word om aktiewe rolle in alle hofprosesse te vertolk. Aanvullend daartoe meen Ladikos (1997:38) dat dit een van die primêre oortuigings van herstellende beregtiging is dat die misdadprobleem 'n multi-sektorale benadering verg. Dit behels die betrokkenheid van nie slegs die owerhede in die kriminele hofstelsel nie, maar ook die aktiewe deelname van slagoffers, oortreders, gemeenskappe en alle sektore wat deur die misdad geraak word. Daarenteen word die gesinsgroep-konferensie as sentrale besluitnemingsliggaam deur Pinnock, Skelton en Shapiro (1994:341-342) en Howes (1996:37) in die bespreking oor jeugberegting geïdentifiseer. Die skrywers is van mening dat die gesinsgroep-konferensie in gemeenskappe geaktiveer en gelokaliseer moet word as die besluitnemingsliggaam rakende optredes teen jeugoortreders.

Daar moet egter daarop gelet word dat, alhoewel bogenoemde skrywers die gesinsgroep-konferensie en die multi-dissiplinêre span uitwys as aktiewe rolspelers in hofprosesse aantoon, geen spesifieke vermelding in die literatuur gemaak word van dié rolspelers se dominansie in die bepaling van vonnisaanbevelings nie. Soos in die geval van 'n voorvonnisevalueringskomitee kan dié komitee proefbeamptes oor moontlike gepaste vonnisaanbevelings adviseer (Klopper 1990:144), maar daar bestaan geen reël of wetsartikel wat proefbeamptes daartoe dwing/bemagtig om dié aanbevelings as die toepaslikste vonnisaanbevelings aan die hof voor te hou nie.

Die voorvonnisevalueringskomitee is deur vyf (9%) respondente uitgewys as besluitnemingsliggaam by die bepaling van vonnisaanbevelings. Daarteenoor het drie (5%) van die respondente die kategorie "ander" gemerk en was hulle van mening dat die aanbeveling rakende toepaslike vonnis die resultaat moet wees van die proefbeampte se mening, gekombineer met die besluit deur die multi-dissiplinêre span en gesinsgroep-konferensie.


#### ***Faktore wat proefbeamptes in aanmerking neem by die bepaling van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders***

In die literatuurstudie word aanvaar dat proefbeamptes realistiese en uitvoerbare vonnisaanbevelings kan maak deur die aanwending van die beginsels waarop straftoemeting berus. Dit word deur Ades en Spiro (1985:103) gestaaf. Hulle bevestig dat daar in die besluit rakende vonnisoplegging verskeie faktore is wat in berekening geneem moet word en waaroor die proefbeampte by die aanbieding van deskundige getuienis hom-/haarself kan uitspreek. Skrywers (Howes 1996:34, 37; Van Niekerk 1996:54) is dit egter eens dat daar 'n klemverskuiwing plaasvind in die faktore wat proefbeamptes in aanmerking neem, wanneer vonnisaanbevelings vir jeugoortreders ter sprake kom. Klem word dan geplaas op die dekriminalisering van die jeug en die behoud van die gesin.

Dit is belangrik dat die faktore wat in aanmerking geneem moet word, gespesifiseer moet word ten einde die proefbeampte in staat te stel om die regsprekende beampte volledig en na behore by te staan in sy/haar taak van straftoemeting. Die response van die ondersoekgroep in dié verband word in die volgende figuur weergegee.



**FIGUUR 2**  
**BEPALENDE FAKTORE VIR VONNISAANBEVELINGS**



- A. Die strafoogmerke van vergelding, voorkoming, afskrikking en rehabilitasie
- B. 'n Gebalanseerde beskouing van die drietal elemente in die "trits" in Zinn
- C. Versagterende faktore in die profiel van die jeugoortreder
- D. Opweging van alle strafversagterende en -verswarende faktore
- E. Geregtigheid en konsekwentheid in vonnisoplegging
- F. Die jeugoortreder se vermoë om te rehabiliteer en sover moontlik in die gemeenskap geakkommodeer te word
- G. Herstellende beregtiging in gemeenskappe
- H. Dekriminalisering van die jeug
- I. Beredenering van die gunstigheid, toepaslikheid en uitvoerbaarheid van verskeie vonnismoonlikhede vir die spesifieke jeugoortreder

N=57 (Respondente kon meer as een faktor kies)

Die meerderheid respondente (50 of 88%) was van mening dat proefbeampies by die bepaling van geskikte vonnisaanbevelings vir jeugoortreders die drie oorwegings, naamlik die misdaad, die misdadiger en die belange van die gemeenskap, in verhouding tot mekaar moet oorweeg, sowel as die vermoë van die jeugoortreder om te rehabiliteer en sover moontlik in die gemeenskap opgeneem te word. Hierdie terugvoer word in die literatuur gestaaf deur Snyman (1984:25) wat verwys na dié drietal elemente, naamlik die misdaad, die misdadiger en die belange van die gemeenskap, soos uiteengesit in die "trits" in Zinn, as die hoofoorwegings wat by vonnisoplegging ter sprake kom. Gepaardgaande hiermee bevestig De Wet (1985:22) en Howes (1996:37) dat jeugdigheid en die aspekte wat daarmee saamhang, as strafversagterend beskou word. Straftoemeters vind, wat jeugdige oortreders betref, 'n unieke, dog gebalanseerde wyse om dié hoofoorwegings en strafoogmerke van vonnis by vonnisoplegging in die belang van dié oortreders aan te wend. Klem word geplaas op die behoud van die gesin, jeugdiges se



verantwoordelikhedaanvaarding vir hul kriminele gedrag, die bywoning van opleidingsgeleenthede en rehabilitasie in die gemeenskap (SARK 1998:5; Howes 1996:37).

Ander belangrike faktore wat deur die ondersoekgroep uitgewys is, is die beredenering van vonnismoonlikhede en die oorweging wat geskenk word aan strafversagtende en -verswarende faktore. Strafversagtende faktore kan byvoorbeeld vertoning van ware berou en insig, pogings tot gedragshervorming, afwesigheid van 'n kriminele rekord en jeugdigheid wees, terwyl strafverswarende faktore vorige veroordelings, doelmatigheid en sluwe beplanning van 'n misdaad, misbruik van 'n vertrouensposisie en brutale optredes en marteling van slagoffers kan insluit. Vyf-en-veertig (79%) respondente was van mening dat die gunstigheid, toepaslikheid en uitvoerbaarheid van verskeie vonnismoonlikhede vir die spesifieke jeugoortreder beredeneer moet word, terwyl 44 (77%) respondente daarop wys dat proefbeamptes alle strafversagtende en -verswarende faktore in aanmerking móét neem by die bepaling van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders. Die terugvoer oor belangrike faktore wat in aanmerking geneem moet word, wys heen na Krugel (1989:12) se uiteensetting oor die hoë prioriteit wat landdroste aan proefbeamptes se objektiwiteit en die uitvoerbaarheid van hul vonnisaanbevelings verleen. Hiermee word verklaar dat subjektiwiteit in vonnisaanbevelings, waartydens slegs strafversagtende faktore in aanmerking geneem word, in 'n negatiewe lig beskou word. By die ewewigtige opweeg van alle strafverswarende en -versagtende faktore teenoor mekaar en die uiteensetting van die toepaslikheid van vonnismoonlikhede, sal die proefbeampte 'n objektiewe aanbeveling wat billik en uitvoerbaar is, maak.

Die laagste prioriteit word verleen aan herstellende beregtiging in gemeenskappe en geregtigheid of konsekwentheid in vonnisoplegging. Vyf-en-twintig (44%) respondente het eersgenoemde en 23 (40%) respondente laasgenoemde uitgewys as faktore wat proefbeamptes in aanmerking moet neem by die bepaling van geskikte vonnisaanbevelings vir jeugoortreders.

Teen die agtergrond van die voorafgaande, stem die meerderheid respondente (19 of 33%) volkome saam, terwyl 17 (30%) meestal saamstem met die geposeerde stelling dat *proefbeamptes dieselfde aspekte as regsprekende beamptes in aanmerking moet neem by die bepaling van gepaste vonnismoonlikhede*. Respondente wat nie saamgestem het nie (14 of 25%) of die stelling verwerp het (3 of 5%), was in die minderheid. 'n Klein aantal respondente was onseker of hulle met die stelling saamstem of nie (4 of 7%).

Die geposeerde stelling is gegrond op die gevolgtrekkings uit die literatuurstudie en die siening van Ades en Spiro (1985:103) dat strafreglyne en strafbepalings enkele van die relevante basisse van straftoemeting is waarvoor proefbeamptes hulself kan uitspreek. Die relevansie van die stelling word ook bevestig deur die response van die ondersoekgroep in die voorafgaande bespreking oor die vraag na watter faktore proefbeamptes in aanmerking behoort te neem by die bepaling van gepaste vonnisaanbevelings. Die strafbepalings, die drietal elemente in die "trits" in Zinn en die opweeg van alle strafversagtende en -verswarende faktore teenoor mekaar, is as die vernaamste faktore geïdentifiseer. Dié faktore word deur skrywers (Howes 1996; Van Niekerk 1996; Kriegler 1993; Klopper 1990; Snyman 1984) uitgewys as die beginsels en algemene riglyne waarop straftoemeting berus.


Krugel (1989:12) konstateer dat die grootste waarde van voorvonnisverslae ter sprake kom by straftoemeting ten opsigte van jeugoortreders. Verskeie skrywers (Raymor, Smith en Vanstone 1994; Prinsloo 1991) wys egter daarop dat proefbeamptes soms eensydig is en vonnisaanbevelings wat onbillik teenoor die gemeenskap en nie regtens houdbaar is nie, maak. Die meerderheid respondente is eweneens van mening dat kritiek uitgespreek kan word oor die



faktore wat proefbeamptes tans in aanmerking neem by die oorweging van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders. Die response in dié verband word in die volgende figuur weergegee.

**FIGUUR 3**

**FAKTORE WAT PROEFBEAMPTES TANS IN AANMERKING NEEM  
BY DIE BEPALING VAN 'N GEPASTE VONNISAANBEVELING**



- A. Die strafoogmerke van vergelding, voorkoming, afskrikking en rehabilitasie
- B. 'n Gebalanseerde beskouing van die drietal elemente in die "trits" in Zinn
- C. Versagende faktore in die profiel van die jeugoortreder
- D. Opweging van alle strafversagende en -verswarende faktore
- E. Geregtigheid en konsekwentheid in vonnisoplegging
- F. Die jeugoortreder se vermoë om te rehabiliteer en sover moontlik in die gemeenskap geakkommodeer te word
- G. Herstellende beregtiging in gemeenskappe
- H. Dekriminalisering van die jeug
- I. Beredenering van die gunstigheid, toepaslikheid en uitvoerbaarheid van verskeie vonnismoonlikhede vir die spesifieke jeugoortreder

N=57 (Respondente kon meer as een faktor kies)

Uit Figuur 3 is dit baie duidelik dat 37 (65%) respondente van mening was dat proefbeamptes by die oorweging van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders meestal fokus op die versagende faktore in die profiel van die jeugoortreder. Daarteenoor het 38 (67%) respondente gemeen dat daar meestal op die jeugoortreder se vermoë om te rehabiliteer en sover moontlik in die gemeenskap geakkommodeer te word, gefokus word. Laasgenoemde faktor word deur landdroste uitgewys as 'n essensiële besprekingspunt wat proefbeamptes in aanmerking behoort te neem by die bepaling van geskikte vonnisaanbevelings vir jeugoortreders. Dit is bemoedigend



dat respondente daarop dui dat proefbeamptes juis die jeugoortreder se vermoë om te rehabiliteer en so ver moontlik in die gemeenskap geakkommodeer te kan word, tans in aanmerking neem.

Respondente se siening dat proefbeamptes die versagende faktore in die profiel van die jeugoortreder meestal in aanmerking neem, bevestig die vermoede dat sekere proefbeamptes steeds poog om die behandelingsmodel in proefdienste toe te pas en as die pleitbesorgers vir die oortreders op te tree. Eensydige aanbiedings van feite en opinies wat in die hof uitgesonder kan word en by vonnisoplegging tot nadeel van die jeugoortreder strek, word dan gevorm.

Uit die response blyk dit dat proefbeamptes nie voldoende aandag verleen aan faktore wat respondente uitwys by die bepaling van geskikte vonnisaanbevelings vir jeugoortreders nie. Dit dra noodwendig daartoe by dat die hof nie die aanbeveling van die proefbeampte aanvaar nie. Alhoewel Howes (1990:70) en Schmidt (1986:434) bevestig dat die hof geensins onderworpe is aan die opinie of aanbeveling van die proefbeampte as deskundige getuie nie, kan lig wel gewerp word op die aspekte wat daartoe bydra dat die hof nie die vonnisaanbeveling van die proefbeampte aanvaar nie.

Moontlike redes vir die verwerping van aanbevelings word in die literatuur (Howes 1990; Pieterse 1989) uiteengesit en is in 'n meervoudige keusevraag aan respondente gestel. Die respons van die onderzoekgroep ten opsigte van belangrike faktore wat daartoe bydra dat hof nie vonnisaanbevelings van proefbeamptes aanvaar nie, blyk soos volg:

- Eensydigheid van vonnisaanbevelings waartydens aspekte van rehabilitasie oorbeklemtoon word (53 of 93% respondente).
- Die onvermoë van vonnisaanbevelings om die erns van die oortreding te weerspieël, waartydens die meriete van die saak buite rekening gelaat is (48 of 84% respondente).
- Die nalaat om strafoogmerke in berekening te bring (28 of 49% respondente).


Bostaande terugvoer sluit aan by die respons van die onderzoekgroep oor die faktore wat proefbeamptes in aanmerking behóórt te neem by die bepaling van 'n geskikte vonnisaanbeveling. Respondente het die oorweging van die strafoogmerke as die vierde belangrikste faktor wat proefbeamptes in aanmerking moet neem, beskou.

### ***Proefbeamptes se huidige inset in straftoemeting***

In die vergelyking van die faktore wat proefbeamptes in aanmerking moet neem met faktore wat tans in die bepaling van vonnisaanbevelings vir jeugoortreders in aanmerking geneem word, is dit gepas om te bepaal of proefbeamptes wel 'n bydrae in straftoemeting maak. Vervolgens is daar dus aan die onderzoekgroep gevra wat hul menings oor proefbeamptes se huidige bydrae of insette in straftoemeting is. Die volgende figuur dui die response aan.



**FIGUUR 4**  
**PROEFBEAMPTES SE HUIDIGE BYDRAE**  
**EN INSETTE IN STRAFTOEMETING (N=57)**



Uit Figuur 4 kan afgelei word dat 54 (95%) respondente van mening was dat proefbeamptes tans 'n matig positiewe tot baie betekenisvolle inset in straftoemeting maak. Sestien (28%) respondente was van mening dat proefbeamptes periodiek 'n toepaslike bydrae tot straftoemeting maak, terwyl 15 (26%) van mening was dat die bydrae bevorderlik is. Negentien (33%) respondente was van mening dat die bydrae doeltreffend is en vier (7%) was van mening dat die bydrae onontbeerlik is. Slegs drie (5%) respondente was van mening dat die huidige bydrae irrelevant is.

Dié resultate is in ooreenstemming met Howes (1992:70-71) se navorsingsresultate oor die bydrae van maatskaplike werk in straftoemeting. In Howes (1990) se studie was landdroste van mening dat proefbeamptes wel 'n bydrae in straftoemeting maak deurdat 54% tóé aangedui het dat die bydrae doeltreffend is en 12% van mening was dat die bydrae onontbeerlik is.

#### ***Vonnisaanbevelings vir jeugoortreders***

Respondente se opinie oor die inhoud en doelstellings van geskikte vonnisaanbevelings vir jeugoortreders is nagevors deur die stelling te maak dat, *in die bepaling van 'n geskikte vonnismoontlikheid vir 'n jeugoortreder, die proefbeampte klem moet plaas op die jeugdige se vermoë tot rehabilitasie, die behoud van die jeugdige in die gesin van oorsprong en die jeugdige se inskakeling by opleidingsgeleenthede in die gemeenskap*. Die respondente het soos volg op die stelling gereageer:

Twee-en-twintig (39%) respondente stem volkome saam en 28 (49%) stem meestal saam dat die bostaande stelling uitdrukking gee aan die mees geskikte vonnisaanbeveling vir jeugoortreders. Respondente se kommentaar het die volgende motiverings vir hul response bevat:



- Daar moet te alle tye voorkom word dat jeugdiges in die kriminele hofsisteem opgeneem en in instansies geïnstitusioneel word;
- Daar is 'n groter kans vir 'n jeugdige om 'n gehoorsame landsburger te word wanneer voldoende aandag aan die jeugdige in die gemeenskap gegee word.

Bostaande kommentaar van respondente is ooreenkomstig met die verklaring van die minimum standaard wat gestel word vir vonnisse van jeugdiges (Inter-Ministerial Committee on Young People at Risk 1998:32-34) en weerspieël die doelstellings van die voorgestelde Wetsontwerp op Kinderreg, soos uiteengesit in die besprekingsdokument daaroor (SARK 1998). Daarvolgens moet vonnisse van kinders en jeugdiges voorkom dat hulle hul vryheid verloor en uit die gesinsverband verwyder word. Gemeenskapsgebaseerde vonnismoonlikhede wat voorligting verskaf en verantwoordelike gedrag aanmoedig, moet meestal oorweeg word.

Twee (4%) respondente stem nie saam nie, drie (5%) respondente was onseker en twee (4%) respondente het dié stelling verwerp. Respondente se motiverings vir hul menings kan hoofsaaklik saamgevat word in die volgende:

- In gevalle waar 'n jeugdige inherent boos is of by herhaling ernstige misdrywe pleeg, is verwydering uit die gesin en aanhouding die aangewese uitweg. In sommige gevalle blyk die ongesonde gesin juis die probleem/oorsaak te wees.
- Die belange van die jeugdige moet nie voorop gestel word nie.

Eersgenoemde kommentaar blyk geregverdig te wees. Pinnock *et al.* (1994) en die besprekingsdokument op die voorgestelde Wetsontwerp op Kinderreg (SARK 1998) bevestig dat institusioneel as die laaste uitweg beskou behoort te word, terwyl gevangenisstraf slegs oorweeg kan word vir ernstige misdrywe.

## **B. Proefbeamptes se deskundige getuienis in kriminele howe**

### ***Vereistes gestel aan proefbeamptes as deskundige getuies in strafhowe***


Howes (1990:68) is van mening dat proefbeamptes se deelname aan hofverrigtinge in die hoedanigheid van deskundige getuies is. Volgens sommige skrywers (Mason 1992; Howes 1990) bevat dié funksie van proefbeamptes in strafverhore 'n teenstrydigheid en dubbelsinnigheid.

In die lig hiervan is die menings van die onderzoekgroep ingewin deur die volgende stelling aan die respondente te stel, dat *alhoewel proefbeamptes as deskundige getuies betrokke gemaak word in verhore, proefbeamptes dit nie as vanselfsprekend kan aanvaar dat hul deskundige getuies in kriminele howe is nie. Die proefbeampte moet eers aan vereistes voldoen soos gestel in die Strafproseswet, No 51 van 1977, en derhalwe deur die hof as deskundig bevind word, alvorens die proefbeampte as 'n deskundige in 'n hof kan optree*. Ses-en-twintig (46%) respondente stem volkome saam en sestien (28%) respondente stem meestal saam dat proefbeamptes aan sekere vereistes moet voldoen en deur die hof as deskundig bevind moet word, alvorens hul as deskundiges in strafhowe kan optree. Daarenteen was twee (4%) respondente onseker, terwyl nege (16%) respondente nie saamgestem het nie en vier (7%) respondente die geposeerde stellings verwerp het.

In die lig van die positiewe respons van die meerderheid respondente op die geposeerde stelling, is dit nodig om vas te stel aan watter vereistes voldoen moet word of op watter gronde proefbeamptes as deskundige getuies bevind word. Die onderzoekgroep se response op 'n meervoudige keusevraag in dié verband word in die volgende figuur geïllustreer:



**FIGUUR 5**  
**GRONDE WAAROP PROEFBEAMPTES AS**  
**DESKUNDIGE GETUIES BEVIND WORD (N=57)**



Vanuit die bostaande figuur is dit duidelik dat die meerderheid respondente van mening was dat die proefbeampte op grond van sy/haar kwalifikasie en kennis of ervaring as 'n deskundige getuie in strafhowe bevind word.

Dit is insiggewend om op te merk dat sewentien (30%) respondente die antwoordkeuse "ander" gemerk het en van mening was dat die proefbeampte op grond van toepaslike kwalifikasie as maatskaplike werker, ervaring in proefdienste, indiensopleiding as proefbeampte en die spesifieke getuienis wat gelewer word, as 'n deskundige getuie in daardie strafhof waar getuienis afgelê word, bevind word. Hiermee word Howes (1990) se siening rakende die eise wat aan proefbeamptes gestel word, bevestig. Die skrywer meen dat hoë eise gestel word aan die intellektuele vermoë, kommunikasievaardighede, kennis en opleiding van proefbeamptes om as deskundige getuies in kriminele howe te funksioneer en as sodanig gereken te word.


#### ***Die optrede van proefbeamptes in strafhowe***

Prinsloo (1991:108) en Howes (1992:79) verduidelik dat proefbeamptes bekend moet wees met en opgelei moet word vir die rol van deskundige getuies in strafhowe. Hiermee saam bevestig Howes (1992:79-80) dat hulle sorgvuldig voorberei moet word vir hofverskynings. Slegs met goeie voorbereiding, professionele optrede en kredietwaardige getuienis kan die invloed van proefbeamptes op howe se uitsprake vermenigvuldig en beslissend wees (Gothard 1989:8).

Meer as driekwart van die respondente (49 of 86%) beskou die optrede van die meeste proefbeamptes in strafhowe, soos dit blyk uit 'n geposeerde meervoudige keusevraag in dié verband, as bevredigend, en wel op verskillende vlakke. Die figuur hieronder illustreer die respondente se keuses.



**FIGUUR 6**  
**OPTREDE VAN DIE MEESTE PROEFBEAMPTES**  
**IN STRAFHOWE (N=57)**



Vyftien (26%) respondente beskou proefbeamptes se optrede as professioneel en met selfvertroue en elf (19%) respondente beskryf die optrede as selfhandhawend. Drie-en-twintig (40%) van die respondente beskou proefbeamptes se optredes as bevredigend en versigtig. Die groep respondente wat positiewe menings verskaf het, lewer wel kommentaar oor die versigtigheid van proefbeamptes met getuienisaflegging. Respondente vermeld, met respek, dat proefbeamptes soms onseker voorkom en bang is om hul standpunte te verdedig. Respondente skryf dit toe aan gebrek aan leiding en ondervinding van proefbeamptes.

Daar was slegs agt (14%) respondente wat negatiewe menings gehuldig het oor die optrede van proefbeamptes in strafhowe. Vier (7%) respondente is van mening dat proefbeamptes 'n traak-my-nieagtige houding in strafhowe toon, terwyl dieselfde getal respondente proefbeamptes se optrede as onseker en vaag beskryf. Die kritiek van die twee groepe respondente was dat proefbeamptes nie gedurende getuienisaflegging oortuig met hul feite of gevolgtrekkings nie en dat hulle hulself nie as beroepsgerig en waardig bestempel nie.

Alhoewel meer as driekwart van die respondente positiewe waardes aan die meeste proefbeamptes se optrede in strafhowe geheg het, was slegs meer as die helfte van die respondente tevrede met die wyse waarop die meeste proefbeamptes kruisondervraging hanteer. Drie-en-dertig (58%) respondente was van mening dat proefbeamptes goed (10 of 18%), hoog bevredigend (3 of 5%) of bevredigend (20 of 35%) vaar gedurende kruisondervraging, terwyl 23 (40%) respondente meen dat proefbeamptes wisselend (23 of 40%) of onbevredigend (1 of 2%) gedurende kruisondervraging vaar.



Die respondente wat in verskillende grade tevrede was met proefbeamptes se hantering van kruisondervraging, verduidelik dat daar gewoonlik min aspekte in geskil is, dat ingewikkelde vrae selde gestel word en dat proefbeamptes gewoonlik konsekwent in die beantwoording van vrae is. Hulle waarsku egter daarteen dat proefbeamptes kruisondervraging nie moet beskou as 'n aanval op hul intelligensie nie. Proefbeamptes moet hul standpunte handhaaf en hulle geloof in hulle gevolgtrekkings en aanbevelings in die hof oordra.

Respondente wat aangedui het dat proefbeamptes gedurende kruisondervraging wisselend vaar, was van mening dat proefbeamptes kruisondervraging na gelang van hul ervaringsvlak, insig en persoonlikheid hanteer. Respondente meen derhalwe dat die wyse waarop proefbeamptes gedurende kruisondervraging vaar, van goed tot swak wissel.

Die meerderheid respondente is egter van mening dat sekere aspekte van proefbeamptes se getuienis tydens kruisondervraging in twyfel getrek word. Hierdie afleiding word gemaak na aanleiding van die daaropvolgende vraag wat verwys na die resultaat of gevolg van proefbeamptes se getuienis, na afloop van kruisondervraging. 'n Onvoltooide sin in dié verband is aan die ondersoekgroep gestel met 'n reeks response op die vraag, waaruit die respondente die mees gepaste antwoord moes kies. Die gestelde sinsfrase wat respondente moes voltooi, was soos volg: *Word proefbeamptes se getuienis met betrekking tot gevolgtrekkings uit ondersoeke en vonnisaanbevelings na afloop van kruisondervragings meestal ...* (versterk, onveranderd gelaat, sekere aspekte in twyfel getrek, die meeste aspekte in twyfel getrek, weerlê).

Respondente se menings was soos volg: 37 (65%) respondente het aangedui dat sekere aspekte in die getuienis van proefbeamptes na afloop van kruisondervraging in twyfel getrek word, terwyl veertien (25%) en drie (5%) van die respondente onderskeidelik gemeen het dat dié getuienis na afloop van kruisondervraging onveranderd en versterk gelaat word. Drie (5%) respondente was van mening dat die meeste aspekte na afloop van kruisondervraging in twyfel getrek word, maar niemand was van mening dat dié getuienis weerlê word nie.

Die antwoorde van respondente is 'n duidelike vingerwysing dat proefbeamptes gedurende kruisondervraging óf meer geredelik hul standpunte met selfvertroue moet handhaaf en hul geloof daarin aan die hof moet oordra óf meer in-diepte voorvonnisondersoeke moet uitvoer en hul gevolgtrekkings met helder feite en deurdagte redenasieprosesse moet bevestig óf dat hulle indringend leiding, opleiding en supervisie benodig ten einde hul rol as deskundige getuies na behore in strafhowe uit te voer. Howes (1992:80) bevestig tereg dat proefbeamptes goed toegerus moet wees vir hul rolle en sorgvuldig deur supervisors en ervare proefbeamptes voorberei moet word vir hofverskyning. Samevattend verduidelik Shaw (1995:14-15) en Howes (1996:38) dat wanneer maatskaplike werk in 'n sekondêre opset soos in die kriminele hofsisteem beoefen word, maatskaplike werkers die vaardigheid moet ontwikkel om met die primêre (die regsisteem) en sekondêre verbruikers (oortreders) van die diens te werk.

## AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge van die ondersoek word die volgende aanbeveel:

### *Proefbeamptes*

- Dat 'n beleid wat proefbeamptes noodsaak om voorvonnisverslae van jeugoortreders af te sluit met 'n **aanbeveling rakende toepaslike vonnisoplegging** ernstig oorweeg moet word. Sodanige beleid sal proefbeamptes aanspoor om oor bemagtigende vonnismoonlikhede te besin terwyl verantwoordelikheid sal toeneem om realistiese, uitvoerbare vonnismoonlikhede aan te beveel.



- Dat proefbeamptes by die bepaling van **vonnisaanbevelings** dieselfde aspekte as regsprekende beamptes in aanmerking neem en **die beginsels waarop straftoemeting berus, aanwend**. Tesame hiermee moet proefbeamptes deur supervisors en regsprekende beamptes aangemoedig word om deelnemende en herstellende beregtiging in hul ondersoekprosesse toe te pas deur gesinsgroep-konferensies in gemeenskappe te aktiveer en te lokaliseer ten einde deelname aan die gesprek oor vonnisoplegging te verhoog. Proefbeamptes moet meer geredelik gebruik gemaak van die voorvonnisevalueringskomitee, 'n multidissiplinêre span en die gesinsgroep-konferensie in 'n poging om die billikste vonnis onder die spesifieke omstandighede vir die gemeenskap en oortreder aan te beveel.
- Dat proefbeamptes by die bepaling van **vonnisaanbevelings vir jeugoortreders** deurentyd klem moet plaas op die jeugdige se vermoë om te rehabiliteer, gemeenskapsgebaseerde vonnisse in gesinsverband uit te dien en voorligtings- en opleidingsgeleenthede by te woon. Vonnisaanbevelings moet ontwikkeling en bevordering nastreef, eerder as bestrawwing.

#### *Universiteite*

- Dat **universiteite en ander tersiêre opleidingsinstansies** vir maatskaplike werkers voorgraadse kursusse in forensiese maatskaplike werk aanbied en maatskaplike werkers, onder andere, toerus met vakkundige kennis rakende:
  - die uitvoer van voorvonnisondersoeke en die saamstel van voorvonnisverslae en vonnisaanbevelings;
  - vereistes en gedragsreëls van proefbeamptes as deskundige getuies in strafhowe; en
  - strafregtelike prosesse, toepaslike strafproses-, kinderreg- en welsynswette, hersiene diensstandaarde, beleidsriglyne en die beginsels waarop straftoemeting berus.

#### *Professionele raad*

Dat die **Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe** voorwaardes vir **registrasie en herregistrasie** van maatskaplike werkers as proefbeamptes ernstig oorweeg. Maatskaplike werkers moet eers formele opleiding in forensiese maatskaplike werk kry of een of ander geakkrediteerde program in proefdienste deurloop, waarvan hul bewys moet voorlê, voordat hul as proefbeamptes kan registreer. Om dit te kan doen, moet die Raad minimum standaarde, waaraan alle programme in proefdienste moet voldoen, daarstel. Dit is noodsaaklik dat hierdie liggaam binne die periode van ingrypende sosio-politieke veranderinge, transformasie van die regstelsel en verandering in wetgewing en beleid 'n struktuur daarstel wat sal verseker dat alle proefbeamptes aan uniforme opleiding blootgestel word. Slegs wanneer dit gebeur, sal die kwaliteit van die bestaande diens verbeter en die bedrewenheid van proefbeamptes as deskundige getuies in strafhowe verhoog en erken word.

#### *Staatsdepartemente*

- Dat die **Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste**, onder wie se vleuels proefbeamptes tans ressorteer, dit sy taak behoort te maak om proefbeamptes **bewus te maak** van veranderinge in beleid, wetgewing en diensstandaarde en op 'n gereelde basis **opleiding te verskaf**.
- Dat die **Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste** met diskresie **proefbeamptes aanstel** en nie maatskaplike werkers wat reeds in die diens is en nie 'n aanvoeling vir proefdienste het nie, na proefdienste-afdelings roteer nie.



- Dat die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste indringend kyk na die aanstelling van meer proefbeamptes en die vermindering van hul se werksladings.

### *Verdere navorsing*

- Dat verdere navorsing gedoen word insake:
  - die effek wat die registrasie en herregistrasie van maatskaplike werkers as proefbeamptes op die kwaliteit van proefdienste uitoefen, nadat daar by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe aan sekere opleidingsvoorwaardes voldoen is; en
  - die inhoud van voorgraadse kursusse in forensiese maatskaplike werk en die noodsaaklike kennis waarvoor maatskaplike werkers behoort te beskik ten einde as proefbeamptes in strafhove op te tree en hulself van hul taak te kwyt.

### **BRONNELYS**

ADES, J & SPIRO, BE 1985. A social service lever for criminal justice sentencing. **Social Service Review**, 59(1):95-106.

ANDREWS, AB 1991. Social work expert testimony regarding mitigation in capital sentencing proceedings. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 36(5):440-444.

BABBIE, E 1992. **The practise of social research**. (6<sup>th</sup> ed) Belmont, California: Wadsworth Inc.

DE WET, JC 1985. **Strafreg**. (4de uitgawe) Durban: Butterworth.

GOTHARD, S 1989a. Rules of testimony and evidence for social workers who appear as expert witnesses in courts of law. **Journal of Independent Social Work**, 3(3):7-15.

GOTHARD, S 1989b. Power in the court: The social worker as an expert witness. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 34(1):65-67.

GRINNELL, RM (Jr) & WILLIAMS, M 1990. **Research in social work: A primer**. Illinois: Peacock Publishers.

HARRIS, R 1992. **Crime, criminal justice and the probation services**. London: Routledge, Chapman and Hall Inc.

HOWES, MF 1990. Die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 26(1):67-73.

HOWES, MF 1992. **Gemeenskapstrawwe en maatskaplike werk**. Pretoria: RGN.

HOWES, MF 1996. The contribution of social work in solving the crime problem in South Africa. **Southern African Journal of Criminology**, 9(1):33-38.

INTER-MINISTERIAL COMMITTEE ON YOUNG PEOPLE AT RISK 1998. South African child and youth care system. **Minimum standards**. Pretoria: Government Printers.

KLOPPER, CF 1990. Strafindividualisasie in Suid-Afrika. **South African Journal of Criminal Justice**, 3(2):140-149.

KRIEGLER, J (red) 1993. **VG Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses**. (5de uitgawe) Durban: Butterworth.



- KRUGEL, WF 1989. Die nut en gebruik van voorvonnissverslae by vonnisoplegging. Symposium on the handling of the offender in the pre-sentence and post-sentence phase. 28 & 29 September, Pretoria.
- LADIKOS, A 1997. The experiential world of youthful victims: An appeal to restorative justice in the new South Africa. *Acta Criminologica*, 10(2):38-46.
- MASON, MA 1992. Social workers as expert witnesses in child sexual abuse cases. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 28(1):30-34.
- PIETERSE, JE 1989. Overview of matters to be discussed. Symposium on the handling of the offender in the pre-sentence and post-sentence phase. 28 & 29 September, Pretoria.
- PINNOCK, D; SKELTON, A & SHAPIRO, R 1994. New juvenile justice legislation for South Africa: Giving children a chance. *South African Journal of Criminal Justice*, 7(3):338-347.
- PRINSLOO, JH 1991. Proefbeampte as inligtingsbron. *Magistrate*, 26(3):104-114.
- RAYMOR, P; SMITH, D & VANSTONE, M 1994. *Effective probation practise*. London: The Macmillan Press Ltd.
- SCHMIDT, CWH 1986. *Bewysreg*. (2de uitgawe) Durban: Butterworth.
- SHAW, M 1995. Exploring a decade of crime. *Crime and Conflict*, 1:12-15.
- SNYMAN, CR 1984. *Criminal Law*. Durban: Butterworth.
- SOUTH AFRICAN LAW COMMISSION/SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE (SARK) 1998. Summary of discussion of the Draft Child Justice Bill. Pretoria (Report of the project committee).
- VAN DER MERWE, SE 1980. The contents and evidential aspects of a pre-sentence report. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafrege en Kriminologie*, 4(2):126-131.
- VAN NIEKERK, C 1996. Strafoogmerke in die Suid-Afrikaanse reg, alternatiewe vonnismoonlikhede en korrektiewe toesig. *Magistrate*, 31(2):43-54.
- VAN ROOYEN, F 1986. Gesinsdiagnose met die oog op die ontwikkeling van 'n hulpverleningsprogram vir jeugoortreders. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA tesis)